# RPO Markverslag

## Week 18 van 2026

Week geëindig op 1 Mei 2026






**Let Wel: Hierdie is historiese pryse tot op 1 Mei 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse.**
Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| **Speenkalf (R/kg)** | **R42.98** | **-0.1%** | **0.5%** | **17.4%** |
| **A2 (R/kg)** | **R61.33** | **0.9%** | **-1.2%** | **-9.5%** |
| **B2 (R/kg)** | **R57.41** | **1.2%** | **-1.8%** | **3.0%** |
| **C2 (R/kg)** | **R56.88** | **0.2%** | **-1.7%** | **9.8%** |

## Speenkalwers

Die speenkalfprys het in Week 18 sywaarts verhandel en is tans 17.4% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die huidige sywaartse tendens is teenstrydig met die daling van prys in vorige jare weens speentyd. Die goeie reën wat tydens April en Mei geval het, en gepaardgaande goeie weiding, mag die oorsaak wees dat kalwers bietjie langer terug gehou word om swaarder te speen. Die verwagting is dat die prys moontlik effens kan daal in Mei en Junie, voor die prys moontlik in Julie kan begin styg. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in Junie ongeveer R42/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R39/kg en nie hoër as R46/kg behoort te wees nie.




## A2 Beeskarkasse

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 18 met 0.9% gestyg teenoor die vorige week en is tans 9.5% laer as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die positiewe tendens is verblywend na die dalings die afgelope paar weke. Die verwagting is dat die prys effens kan styg vanaf Mei tot in Junie, maar moontlik weer kan daal in Julie. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Junie ongeveer R61/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R55/kg en nie hoër as R69/kg behoort te wees nie.

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

# RPO Markverslag


## Week 18 van 2026

Week geëindig op 1 Mei 2026




**Let Wel: Hierdie is historiese pryse tot op 1 Mei 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse.**
Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| **Stoorlam (R/kg)** | **R49.04** | -3.6% | 2.9% | 8.4% |
| **A2 (R/kg)** | **R100.94** | 2.2% | 2.2% | -1.7% |
| **B2 (R/kg)** | **R72.69** | -3.1% | -4.2% | 5.0% |
| **C2 (R/kg)** | **R72.10** | -4.7% | -5.5% | 11.0% |





## Stoorlammers

Die stoorlamprys het in Week 18 skerp met 3.6% gedaal teenoor die vorige week en is tans 8.4% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die skerp daling in die prys kan toegeskryf word aan ‘n hoër aanbod van lammers. Die verwagting is dat die prys ‘n moontlike stygende tendens kan volhou tot in Junie soos die aanbod op lammers verminder tydens die winter. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in Junie ongeveer R53/kg te wees, terwyl dit nie laer as R48/kg en nie hoër as R57/kg behoort te wees nie.

## A2 Lamkarkasse

Die A2 lamkarkasprys het in Week 18 met 2.2% gestyg teenoor die vorige week en is tans 1.7% laer as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan ‘n laer aanbod op lamkarkasse tans in die mark. Die verwagting is dat die prys ‘n stygende tendens kan volhou tot in Augustus soos die aanbod op karkasse verminder tydens die winter. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Junie ongeveer R103/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R95/kg en nie hoër as R111/kg behoort te wees nie.





RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

RPO